**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 358/2007

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**ISHMAEL NEYAKHE** 1ste Beskuldigde
**JAMES MAFOOA** 2de Beskuldigde
**TEBOHO ISAIA SELEMA** 3de Beskuldigde

---

**CORAM:** WRIGHT, R *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 12 JULIE 2007

---

[1] Die beskuldigdes het in die Landdroshof te Botshabelo tereggestaan op 'n aanklag van roof deurdat hulle op of omtrent 2 April 2006 te Botshabelo vir die klaer, Moses Ramatelile, van R150,00 kontant beroof het. Aldrie beskuldigdes het skuldig gepleit op die ten laste gelegde misdryf en nadat hulle ondervra is in terme van Artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet, Wet nr. 51 van 1977, is

hulle dienooreenkomstig skuldig bevind, na my mening heeltemal tereg. Daarop is die beskudigdes elkeen tot 30 maande gevangenisstraf gevonnis.

[2] Die aangeleentheid het in die gewone loop van sake op hersiening voor my gedien. Ek het ‘n skriftelike navraag tot die Landdros gerig waarin ek redes vir die opgelegde vonnis versoek het. Die Verhoorlanddros het daarop omvangryke en volledige sodanige redes verskaf, waarin hy aan die einde daarvan aan die hand gedoen het dat hoewel dit “’n stewige vonnis” is, dit nie skokkend onvanpas is nie.

[3] Dit blyk uit die Artikel 112(1)(b) ondervraging dat die klaer, ‘n 16-jarige seun, die dag van die voorval ‘n kruiwa gestoot het terwyl hy die geld in sy hand vasgehou het. Die klaer was oppad om te gaan bier koop. Die beskuldigdes het besluit om hom te beroof en het hom genader. Beskuldigde 2 het die klaer vasgegryp en vasgehou, terwyl beskuldigde 1 sy hand oopforseer het en die R150,00 uit sy hand geneem het. Die drie beskuldigdes het toe weggehardloop en die R150,00 in ‘n taverne gaan uitdrink.

[4] Wat die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes betref, het die Verhoorlanddros tereg die volgende in ag geneem. Beskuldigde 1 is 20 jaar oud, ongetroud en het nie kinders nie. Hy het Standard 4 op skool geslaag. Hy was werksaam en het R240,00 per maand verdien. Hy is by sy moeder woonagtig en sy vader is oorlede. Hy is sy moeder behulpsaam om haar medikasie en pensioen te gaan haal en is ook andersins sy moeder behulpsaam. Hy is ‘n algeheel eerste oortreder. Wat beskuldigde 2 betref, is hy 19 jaar oud, ongetroud en het nie kinders nie. Hy het Standard 3 op skool geslaag. Hy is werkloos en by sy moeder woonagtig. Hy is ook ‘n algeheel eerste oortreder. Ten opsigte van beskuldigde 3 blyk dit dat hy 24 jaar oud is, saam met ‘n vrou woon en ‘n kind van 6 jaar oud het. Hy het Standard 9 op skool geslaag. Hy is werkloos, maar kry ‘n mediese toelaag van R800,00 per maand. Hy is ook ‘n algeheel eerste oortreder.

[5] Soos tereg deur die Verhoorlanddros in sy redes vir die

opgelegde vonnis uitgewys, moet die voormelde persoonlike omstandighede van die beskuldigdes opgeweeg word teen die aard en erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap. Volgens die redes deur die Verhoorlanddros verskaf, neem geweldsmisdade epidemiese afmetings aan in die Hof se distrik en “is daar geen teken van ‘n afname in roofsake nie ten spyte van skuldigbevindings wat volg en gevalle waar swaar vonnisse opgelê word”.  Hy meld ook tereg dat by ‘n misdaad soos die onderhawige die gemeenskapsbelang na vore tree.  In laasgenoemde verband merk die Verhoorlanddros op dat “hierdie misdaad word veelal strafloos gepleeg en die enigste middel om so ‘n misdaad mee te bestry is om swaar vonnisse aan diegene wat gevang en skuldig bevind word op te lê”.

[6] Na my mening is dit inderdaad ‘n ernstige misdryf waaraan die beskuldigdes skuldig bevind is en vereis die gemeenskap dat daar gepaste vonnisse in sodanige geval opgelê word.  Daar moet egter daarteen gewaak word om nie laasgenoemde element van vonnisoplegging te oorbeklemtoon deur die onderhawige beskuldigdes op ‘n wyse te vonnis wat dit laat voorkom asof hulle gestraf word vir die ander oortreders wat met die pleging van soortgelyke misdrywe wegkom en nie gevang en skuldig bevind word nie.  Daar moet ‘n ewewigtige opweging tussen al die elemente van vonnisoplegging plaasvind.

[7] Na my mening is die feit dat die beskuldigdes relatief jonk was ten tyde van die pleging van die misdryf en die feit dat hulle algeheel eerste oortreders is omstandighede wat as versagtende faktore ten gunste van die beskuldigdes in ag geneem moet word. Dit word ook in ag geneem dat daar nie oormatige geweld ten tyde van die pleging van die misdryf op die klaer uitgeoefen is nie. Verdermeer was die beskuldigdes sowat `n maand in hegtenis tussen die datum van skuldigbevinding en die datum van vonnisoplegging.

[8] Die oogmerke van vonnisoplegging moet insgelyks ewewigtig teen mekaar opgeweeg word.  In die onderhawige geval het die Verhoorlanddros in sy redes vermeld dat “die vonnisse wat voorheen opgelê was, is heel duidelik te lig en het geen afskrikkingswaarde nie”.  Dit beteken egter na my mening nie dat daar telkens net swaarder en swaarder vonnisse opgelê moet word

sonder behoorlike inagneming van die relevante feite en omstandighede van ‘n bepaalde saak nie.

[9] Wanneer die totaliteit van bogemelde beginsels, feite en omstandighede in ag geneem word, meen ek dat die opgelegde vonnis die aard en erns van die misdryf, die belange van die gemeenskap en die afskrikkings-oogmerk van vonnisoplegging oorbeklemtoon ten koste van die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes. Die gevolg hiervan is dat ek van oordeel is dat die opgelegde vonnisse skokkend swaar en onvanpas is en ‘n onreg teenoor die beskuldigdes daarstel, wat inmening met die opgelegde vonnis regverdig.

[10] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding van aldrie beskuldigdes word bekragtig.
2. Die opgelegde vonnis ten opsigte van aldrie beskuldigdes word ter syde gestel en vervang met een van 18 (agtien) maande genvangenisstraf ten aansien van elke beskuldigde, welke gevangenisstraf geag moet word opgelê te gewees het op 19 Maart 2007.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**G.F WRIGHT, R**

/em